



Verwysing: 20201113-9534  
Lêerno.: 12/2/7/P  
Navrae: Kringbestuurder

Omsendbrief: 0044/2020

Vervaldatum: 31 Desember 2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame

Kort opsomming: *Leerders wat sedert 01 Junie 2020 nog nie skool bygewoon het nie.*

**Onderwerp: Leerders wat sedert 01 Junie 2020 nog nie skool bygewoon het nie**

1. Die doel van hierdie omsendbrief is om die prosedure vir die hantering van gevalle waar leerders sedert 01 Junie 2020 nie skool bygewoon het nie, te verduidelik.
2. Die brief van die Hoof van die Departement aan prinsipale (verwysingsnommer: COVID-19/20200803/01) van 03 Augustus 2020 verduidelik dat ouers aansoek moet doen om vrystelling van verpligtende skoolbywoning om te verseker dat die leerder by die skool geregistreer bly.
3. Prinsipale word hiermee versoek om die redes waarom leerders sedert 01 Junie 2020 nie weer teruggekeer het skool toe nie na te volg en dit **via SOBIS teen 25 November 2020** aan te meld.
4. Gaan na **CEMIS/Absenteeism/Screening/Learners Not Screened** om die lys van leerders wat skool nie bygewoon het nie te sien, en die redes daarvoor in te dien.
5. Paragraaf 55 van die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) se Beleid oor Leerderbywoning, 2010 verklaar dat, "*Indien 'n leerder vir 10 agtereenvolgende skooldae van die skool afwesig is, moet 'n prinsipaal redelike pogings aanwend om by die leerder se ouer of voog vas te stel of die leerder van die skool onttrek is.*"
6. Neem asseblief kennis dat kragtens die regulasies wat deur die Departement van Basiese Onderwys ingevolge die Wet op Rampbestuur, 2002 (Wet 57 van 2002) as direkteiewe gepubliseer is, ouers weens die COVID-19-pandemie die keuse gehad het om aansoek te doen om 'n vrystelling van verpligtende skoolbywoning (vir leerders met

of sonder komorbiditeite), tuisonderrig of virtuele/aanlyn leer om te voorkom dat die leerder se registrasie by die skool ingetrek word.

7. As die leerder onttrek het, of as daar geen aansoek om vrystelling is nie, of as daar geen geldige rede vir afwesigheid gegee word nie, of as die prinsipaal nie in staat is om met die ouer of die leerder in aanraking te kom nie, moet die prinsipaal die leerder se inligting in die klasregister op grond van "voortgesette afwesigheid" kanselleer.
8. **Skole MOET elke poging aanwend om met die ouer(s) of leerder(s) in verbinding te tree en die prinsipaal moet toesien dat die skool bewyse en/of geskewe inligting van hierdie pogings hou in geval van 'n regsgeval.**
9. Hierdie bewyse kan 'n lys van telefoonoproepe en besonderhede oor die oproepe, afskrifte van e-posse en briewe of enige ander vorm van kommunikasie met die ouer insluit.
10. In 'n geval waar 'n leerder se registrasie nie ingetrek is nie, nie skool bygewoon het nie, maar die ouer steeds 'n rapport oor die vordering of bevordering van die leerder aanvra, moet die saak hanteer word ingevolge die riglyne vir die voltooiing van skoolgebaseerde assessering en vordering en bevordering wat deur die WKOD uitgereik is.
11. Alle navrae oor bogenoemde aangeleentheid kan aan die betrokke kringbestuurder in elke kring gerig word.
12. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokkenes.

**GETEKEN:** BK SCHREUDER

**HOOF: ONDERWYS**

**DATUM:** 2020-11-18